# BOEKBESPREKING

Vorster, W. S. Red.: *Church Unity and diversity in the Southern African Context.* Proceedings of the third symposium of the institute for Theological Research (Unisa), 12 and 13th September, 1979. Verkoopsafdeling UNISA, Posbus 392, Pretoria. S b., 146 blss., R5,00.

Die bundel bestaan uit ses referate met antwoorde op vyf daarvan: W. Nicol: *Church Unity and diversity in the New Testament;* A. C. Viljoen: *Trends in the ecumenical movement and the South African Churches;* B. P. Gaybba: *A Roman Catholic perspective on church unity;* S. Govender: *Church unity in the context of cultural diversity in Southern Africa;* W. S. Kistner: *Structuring church unity for the future;* F H. J. Cronje: *The influence of pentecostalism on church unity and diversity.*

Die tema is aktueel Elke voordrag en antwoord bevat stof waarvan in ons tyd kennis geneem moet word. Tog kry 'n mens die globale indruk uit hierdie werk dat „unity of the church" slegs 'n akademiese en teoretiese droom is.

In sy antwoord op die voordrag van Kistner dui die sosioloog, dr. I. J. van Eeden, m.i. die kernleemte van hierdie teologiese teoretisering aan wanneer hy sê „one should be clear about concepts one is using. What is meant by ‚unity'? What is ‚Church unity'? Is ‚unity' of a number of churches equivalent to the ‚unity of the church' and ‚church unity"? Kistner skei op Lutherse model die kerk as universele geloofsgemeenskap in Christus (87) van die sigbare gestalte of strukture. Laasgenoemde bestaan nog eintlik nie, is nog oop moontlikheid en moet nog funksioneel vir S.A. ontwerp word (89, 93v, 102v) Die kerk-strukture is dus vir Kistner nie wesenlik „kerk" nie. Die vraag is dan of kerklike eenheidstrukture, soos talle ander referente wil, nog iets met die eenheid of wese van die kerk te doen kan hê. Iets wat nie wesenlik kerk is nie, kan tog nooit kerk konstitueer nie.

Nog meer basies is die vraag: *wat is die kerk?* Nicol raak die NT-kerkbegrip liggies aan (2). Gaybba, die Rooms-Katoliek soek die eenheid in die diens (amp) en episkopaat (54, 62). Die ekumenis Viljoen neem die universele mensdom (25, 34), „developing internationalism" (27) en „world christianity" (29) as norme en soek die kerkeenheid institusioneel in die WRK (26v), die Christelike Raad, Federale Sendingraad, Cottesloe, CI en SARK (35v). S. Govender polemiseer oor die anomalië in die institusionele eenheidsbegrip binne die N Gkerkfamilie. Kistner sal die wese van die kerk vanuit 'n geestelike geloofseenheid in Christus verklaar. Vir F. H. J. Cronje is die kerk 'n gemeenskap van heiliges wat die doop met die Gees ontvang het en wat net binne pentakostalisme moontlik is.

By die vraag *wat is die kerk* sou 'n mens graag wou weet of die begrippe *kerk as eenheid* en *eenheid van die kerk* dieselfde is Die Lutherse vertrekpunt dat die kerk geloofseenheid in Christus is, is legitiem. Indien die kerk in wese „body of Christ" d.w.s. een is, kan 'n kerk wat nie een is nie, dan wesenlik kerk wees? Hierdie probleemstelling vra hoe die een liggaam van Christus (een kerk) in baie kerke (gemeentes, of strukture van ampsdraers of strukture van kerke) aanwesig kan wees of vergestalt word. Hierop het die simposium oor „church unity and diversity in the southern African context" nie ingegaan nie.

Oor „church diversity" sê die redakteur tereg: „Perhaps too much is said .... and too little in connection with church unity and diversity." In konteks van internasionalisme as opvolger van imperialisme lyk dit asof net die vraag na „unity" legitiem is en dat „diversity" 'n lastige hindernis is wat vermy moet word. Nicol skop tereg af met die NT „truth about the church, namely its unity and diversity, do not compete against, but rather promote each other" (1, vgl. 10–12, 16) Hierdie „diversity" is egter nie in die volgende referate uitgewerk nie. Nicol verwys glad nie na W J. Snyman (ook J. C. Coetzee e.a.) die GKSA Sinode 1967 nie. Die „eenheid van die kerk" kan miskien in dade i.p.v. woorde gestalte kry wanneer ons van mekaar se teologiese arbeid notisie neem.

Sommige referate is werklikheidsvreemd as gevolg van teologiese of ideologiese bevooroordeeldheid en tendensieuse argumentering So behandel Viljoen die ontwikkeling van die WRK ekumene en die S.A. situasie met 'n duidelike pro-ekumenistiese en anti-Afrikaanse opset. Agter die Afrikaanse toneel vermoed hy allerlei sinistere invloede en bewegings, terwyl hy aan die ander kant geen strategie, belangefaktor of ideologie agter Sharpeville of moderne „liberation movements" (40) kan of wil aandui nie. Dit is moontlik dat Afrikaners die evangelie sekulariseer deur 'n bevooroordeelde „myth of race and ethnicity" (43), maar om dit deur te trek na „German-schooled leaders like P. G. (sic) Meyer and Dr. N. Diedericks" (46 op gesag van Moodie) met 'n suggestie van nazisme, gaan die grense van wetenskaplikheid te buite.

Hoewel ek Van Eeden se idee dat die „una Sancta Catholica" of „church unity" nog as doelpunt nagestreef moet word (106), op sterkte van art. 27 NGb. nie kan onderskryf nie en saam met die pentekostaliste „One Super World Church with a hierarchical structure" (103) verwerp, opper hy geldige kritiek dat Kistner (wat m.i ook teen Viljoen geld) die komplekse S.A. samelewing verontagsaam en te gemaklik oordeel asof die S.A. samelewing in waardesisteme, instellings en etniese samestelling met dié van Duitsland, Engeland of Nederland ooreenkom. „Christianization became synonymous with Westernization" (107). Hy noem bepaalde voorvereistes voordat oor strukturering van kerkeenheid gepraat kan word. Eers na duidelikheid oor struktuur verkry is, kan die dinamiese of funksionele vlak weer op vyf voorvereistes aangepak word (108). Daarsonder word die stryd tussen pous en keiser slegs voortgeveg.

Kistner skryf die S.A. situasie toe aan 'n „policy of excorporation or exercising a number of areas and assigning them to the different tribes as their homelands" (95) Ek meen dat sy begrip „excorporation" duidelik aantoon dat hy die politieke produk van die Britse kolonialisme as vertrekpunt neem. Vir hom as Europeër is hier geen swart volke met historiese aansprake op grond in eie reg nie. Hy verwys neerhalend na „tribes" aan wie hy die „policy" dan „homelands" toedeel. Hy opereer basies met 'n rassemodel van slegs swart en wit. Skynbaar maak die swart man slegs sin in konteks met die witman.

Die basiese vraag hier is: is etnisiteit en „homelands" 'n *ideologie*, produk van politieke beleid of is dit gegewe *realiteit?* Indien dit werklik gegee is, waarom kan Kistner dit nie aanvaar nie? Die antwoord moet wees dat Kistner die S.A. situasie deur 'n ideologies gekleurde bril bekyk sodat hy realiteit vir „policy" aansien. Kistner se denke verraai die tipies kolonialistiese (europese) blik op die S.A. werklikheid. Ek het getrag om die kenmerke van hierdie benadering elders te beskryf (vgl. Die Saailand is die wêreld, 1972,

bls. 151v). Waarom sê Kistner nie dat hy 'n voorstander is dat die „homelands" soos die res van Suid-Afrika in plase opgemeet word en aan die hoogste bieder, wit of swart, opgeveil word nie? Wie gaan dan die „homelands" selfs op tradisioneel religieuse gronde ten alle koste intakt handhaaf? Die „Southern African Context" waarop die simposium gemik het, het m.i. nie tot sy reg gekom nie.

Hoe ideologies gekleurd die benadering by die Direkteur van die afdeling „Justice and Reconciliation, South African Council of Churches" kan wees, blyk verder wanneer Kistner sosio-politieke en etniese „fragmentation" in S.A verwerp, maar aan die ander kant kritiekloos kerklike „fragmentation" vanuit nie-S.A. agtergrond erken. Hy handhaaf Lutherse identiteit teenoor Afrikaanse (98, 101), juig 'n vereeniging van Engelse kerke toe wat „allow scope for the maintenance of the heritage of the different denominations at least at the level of the congregations" (100). Tog aanvaar hy slegs geografiese (staatlike?) faktore, d.w.s. onpersoonlike en nie-menslike faktore, as basis om kerkorganisasie te bepaal (101). Die benadering kom hoogs-teoreties en modern sosiopolities gerig voor. Daarop sal baie seker geen „structuring church unity for the future" (82) kan plaasvind nie Kistner kan daarom die primêre realiteitsvraag nie hanteer nie. Hy noem dit 'n „language problem" (102) vir die toekoms om op te los. Is „language" 'n probleem of 'n realiteit? Word taal nie 'n probleem vir iemand wat die bril van'n bepaalde eenheidsideologie teen taalverskeidenheid vaskyk nie? Die waarde van die simposium en gepubliseerde referate help om oor „eenheid" en „verskeidenheid" te besin. Dit is egter jammer dat Nicol se afskop (bls. 1) soos Skriflesing en gebed op 'n politieke vergadering gehoor maar verder geïgnoreer is sodat ons uit die simposium nie duidelikheid oor die kerkvraag, eenheidsvraag of die verskeidenheidsvraag kry nie.

B. S.

W. S. Vorster (Red.), *The Spirit in Biblical perspective*. UNISA. 103 bladsye, R4.

Hierdie bundel bevat die bydraes van 'n simposium van die Instituut vir Teologiese Navorsing (Unisa) wat op 10 en 11 Sept 1980 gehou is, nl. van T. D. Verryn met „Historical perspectives on the emphasis on the Holy Spirit" en C. J. Alant as respondent, P. C. Schoeman met „World and Spirit relevance of Scripture for a doctrine of the Holy Spirit" en F. E. Deist as respondent, A. C. Barnard met „The Holy Spirit and liturgy/public worship" en H. J. C. Pieterse as respondent, J G. du Plessis met „The fruit of the Spirit in the life of the individual and society" en K. B. Nürnberger as respondent, W. J. M. Jansön met „The guidance of the Spirit" en W. J. Jordaan as respondent.

Verryn het 'n goeie historiese oorsig gegee en vanweë die aard van sy onderwerp taamlik op psigologies-sosiologiese terrein beweeg. Hy wil 'n teorie aanbied vir sekere verskynsels in die geskiedenis. 'n Mens het beswaar teen die feit dat die Heilige Gees in die woorde van Heidegger 'n fenomeen wat ontleed word, genoem word Hierdie woorde word deur Alant instemmend aangehaal al sê hy dat sy betoog 'n irrasionele „commitment" veronderstel.

Schoeman se bydrae is nie net ingewikkeld nie, maar is m.i. 'n vreemde soort teologie. Die respondent het met 23 vrae ook aangedui dat hy groot probleme gehad het met die bydrae.

Barnard se referaat is meer 'n *Bybelse* bydrae. Hy sien die studie van liturgie baie wyd (p. 49). Dit pla tog dat hy die Griekse *neutrum* oorbring op die Engels en so praat van „its" i.p.v. „His" ens., i.v m. die Heilige Gees.

T.o.v. die bydrae van Du Plessis kan 'n mens met Nürnberger saamstem dat die verkondigde Woord, Christus" meer beklemtoon kon word. Nürnberger sê die Heilige Gees is die *Christus praeseus*. Verder is die bydrae waardevol.

Jansön se bewering dat die Gereformeerde tradisie 'n eng siening van die mens het en gevolglik ook van die werk van die Heilige Gees, gaan m.i. nie op nie Die Gereformeerde tradisie is m.i. baie realisties t.o.v. die gevalle mens. Die strekking van die Heidelbergse Kategismus waarna hy verwys, is sodanig dat dit nie bedoel het om al die dinge wat hy daarin soek, te gee nie. 'n Eksegetiese bydrae waar die Bybel meer gespreek het, sou vir sy onderwerp beter gewees het.

In die geheel kan die bundel aanbeveel word. Die teologie is soms so vreemd dat 'n mens dankbaar bly dat redding deur die eenvoudige evangelie kom en nie deur teologie nie. Die „biblical perspective" is soms tog oorskadu deur filosofiese en selfs 'n spekulatiewe perspektief.

M. A. KRUGER.

W. S. Vorster, *Wat is 'n Evangelie?* N.G. Kerkboekhandel Transvaal 32 bladsye, R2,25.

Vorster behandel in hierdie waardevolle neerslag van navorsing wat hoofsaaklik in Duitsland gedoen is die titel onder die volgende afdelings: Die plek van die tekssoort *Evangelie* in die literatuurgeskiedenis, die benaming „evangelie" en die vraag of die evangelievorm *sui generis* is. Hy beskryf dan twee verklaringsmodelle nl. die evolusionistiese model of model van die *Formgeschichte* en die analogiemodel wat Hellenistiese of Semitiese voorbeelde gevolg het. Daarna bespreek hy die vrae of daar meer as een evangelie bestaan en waarom Markus juis hierdie vorm gekies het.

Geen finale standpunt word bereik nie, maar terreine vir verdere ondersoek word aangedui. Hierdie pamflet kan as noodsaaklik vir elke Nuwe-Testamentikus beskou word.

M. A. KRUGER

Barnard, A. C. 1981. *Die Erediens*. Pretoria, NG Kerkboekhandel. Bll 608. Prys R13,50 (gesubsidieer).

Sover aan my bekend het ons hier te doen met die eerste omvattende werk in Afrikaans oor liturgiek, en tog is dit nog nie volledig nie aangesien die skrywer meedeel dat 'n tweede deel sal volg.

Daar is talle aspekte in die boek wat waardering verdien. Ten eerste die omvattende en deeglike aanpak. Ten tweede die teologiese gehalte. Ten derde die Bybels-reformatoriese benadering en verantwoording

Na twee inleidende hoofstukke word aandag gegee aan die OTe en sinagogale betekenis vir die NTe erediens, waarna die NT self ter sprake kom. Dan volg 'n lang en waardevolle toer deur die kerkgeskiedenis, vanaf die Vroeë Kerk, die Rykskerk, die Oosterse Kerk, die Roomse Kerk, tot by Luther, Zwingli en Calvyn. Engeland, Skotland, Nederland en Suid-Afrika (NGK) kom ook ter sprake. Voorts word 'n lang hoofstuk bestee aan die wese van die erediens — wat die skrywer tereg aandui as *ontmoeting* —, gevolg deur hoofstukke oor die grondbeginsels vir vormgewing en vernuwing, die inrigting van die oggenddiens en die plek en taak van sang en musiek in die erediens.

Ek noem vervolgens 'n aantal insiggewende en interessante gesigspunte wat Barnard na vore gebring het:

— die reformatoriese en Bybelse aksent op 'n weeklikse nagmaalviering (138, 311, 520);

— die Skriflesing en die preek vorm saam 'n onlosmaaklike eenheid en moet nie van mekaar losgemaak word nie (252, 325, 333);

— tot en met die Reformasie is die Niceanum in die eredienste gebruik maar vanaf die Reformasie (Zwingli) word die Apostolicum oorwegend gebruik (in die gereformeerde kerke) (277,286);

— die Aäronitiese seën dateer ook van die tyd van die Reformasie (Bucer, Calvyn) (302, 304, 327);

— toe Calvyn vir die eerste keer gemeentesang gehoor het (in Straatsburg) het dit hom tot trane beweeg (317);

— die intersessiegebed, wat ons in die GKSA hoofsaaklik vóór die preek plaas as deel van die lofgebed, hoort liturgies ná die preek (168, 318, 325, 372, 378, 568, 557);

— Calvyn en Bucer het die geloofsbelydenis soms laat sing (320, 326);

— die plek van die Geloofsbelydenis was vir die Reformatore (Calvyn) ná die preek (maar vóór die nagmaal) (326);

— liturgies gaan die Woord (prediking) voorop en dan volg die sakramente, die nagmaal EN die doop (512);

— die Psalmvoorlesing is liturgies gesproke onnodig (543);

— die Ons Vader behoort soms hardop deur die hele gemeente gebid te word (559);

— 'n gebedshouding van mans wat staan en vrouens wat sit „is onlogies en teologies nie verantwoord nie" (561);

— 'n lied na die Geloofsbelydenis is toutologies en onnodig (574);

— die voorlees van die Wet kan afgewissel word volgens Ex 20 en Deut 5, met 'n samevatting volgens Mark 12 (546).

Vir teoloë uit die GKSA is dit bemoedigend om die skrywer se standpunt

van of positiewe verwysing na 'n aantal sake te verneem, sake wat in die kerkgeskiedenis in SA nogal omstrede was:

— die uitstorting van die Heilige Gees was 'n eenmalige gebeurtenis (122);

— die belang van tug rondom die nagmaal (134);

— die nagmaal aan tafel (335, 360, 359);

— kritiek op swak Gesange (373);

— 'n kinderdiens is onverantwoord want die kinders vorm 'n deel van die gemeente en hoort in die volle erediens tuis (402, 451);

— die introïtuslied is liturgies misplaas en behoort te verval (535);

— die plek van die koor is nie om die gemeente te trakteer nie maar om die gemeentesang te lei, selfs by wyse van beurtsang (543, 590, 591).

Uit hierdie boek blyk myns insiens dat ons in die GKSA weer aan die volgende sake aandag kan gee:

(1) Variasie ten opsigte van groetseën, slotseën, Geloofsbelydenis en Wet;
(2) die frekwensie van nagmaalviering;
(3) die plek van die preek (net na die Skriflesing);
(4) die plek van die intersessiegebed;
(5) die plek van die Geloofsbelydenis;
(6) die plek van die doop (ná die preek);
(7) die sinvolle plek van 'n koor;
(8) die waarde(-loosheid) van Psalmvoorlesing;
(9) die hardop opsê van die Ons Vader en Geloofsbelydenis;
(10) Wie die groetseën (541) en slotseën mag uitspreek.

Indien ek 'n paar punte van kritiek moet uitspreek, verwys ek graag na die volgende:

(1) Soms is dit of die skrywer, by alle klem wat die erediens inderdaad moet ontvang, 'n té swaar aksent daarop lê (61, 165, 435, 444, 473). Hy kon dus breedvoeriger (as 394, 457, 459) gewys het op die betekenis van die erediens vir die daaglikse lewe. „Die liturgie des levens gaat vóór die in de kerk" (Noordmans).

(2) Die gedeelte oor die liturgiegeskiedenis sluit in hoofsaak by die sewentiende eeu af, hoewel ook aandag aan die NGK bestee word. 'n Hoofstuk oor die moderne ontwikkelinge, méér as op bll 19–24, sou baie waardevol gewees het.

(3) Soms is die skrywer onnodig breedvoerig (bv hfstt 1, 2, 18) en herhaal hy te veel Hfst 18 maak soms 'n kompilatoriese indruk met te veel identiese aanhalinge. Ek vind dit jammer dat die skrywer nie daarin kon slaag om die stof in een handboek te verwerk nie aangesien dit die bruikbaarheid van die boek vir teologiese studente aanmerklik sou verhoog het.

Ons kan die skrywer en uitgewer hartlik gelukwens met 'n pragboek.

J H v W.

Heyns, J. A. 1981. *Etiek van die Liefde.* Pretoria, Daan Retief Uitgewers. Bll Prys R4,95.

In 25 kort hoofstukke bied die skrywer 'n oorsig oor die „etiek van die liefde" wat hy dan meer toespits op die etiek van die huwelik. Anders as sy meeste ander geskrifte dra hierdie werk 'n meer populêre karakter. Voetnotas en 'n bronnelys ontbreek. So word die boek egter meer toeganklik vir 'n groter leserspubliek en dit is belangrik.

Hoewel in hoofsaak op die huweliksetiek gekonsentreer word, spreek die skrywer hom teen 'n hele aantal ander etiese sake uit, wat weliswaar nou saamhang met die huwelik. Byvoorbeeld: teen homoseksualiteit (lesbisiteit) (6), wat hy selfs as „monsteragtig" tipeer (94); prostitusie (21—22); voorhuwelikse seks (25, 46, 51, 55); masturbasie (33).

Hy skryf onderhoudend oor die huwelik van man en vrou, oor hulle seksuele lewe wat deel van hulle godsdiens is (16); oor gesinsbeplanning en die kindertal (nie die minimum of maksimum nie maar die optimum, 51); oor huwelikstrou en -ontrou; oor die ongehude staat; oor die dubbele doel van die huwelik (drie maal selfs, hfstt 5, 15, 25) en oor voorbehoedmiddels.

In hfst 17 word aandag bestee aan die moeilike probleem van kunsmatige inseminasie, wat die skrywer afkeur, ten minste waar die skenker iemand anders as die eggenoot is. Gewoonlik word dit as owerspel en hoerery omskryf. Hier lê vir die Christelike etiek nog 'n groot terrein braak om bestudeer te word, want dit is 'n ope vraag of die argument van hoerery *in hierdie verband* werklik volkome opgaan — al mag daar ander argumente daarteen wees.

In kort, ons het hier 'n goeie bydrae tot ons huweliksetiek en die boek vorm 'n waardevolle toevoeging tot ons etiese huwelikslektuur. Dit is 'n mooi geskenk aan jong (en ouer!) egpare.

J H v W.

Jhr. Mr C. M. O. van Nispen tot Sevenaer: *Beschouwing over de crisis in het denken in kerk en maatschappij.* Suideras. Verkrygbaar by die skrywer, 7233 SG Vierakker, Ndld. S.b., 193 blss.

Die skrywer het hierdie werk op versoek van prof. L. Roeleveld vir bespreking gestuur. Die skrywer is Rooms-Katoliek en regsgeleerde, maar gee miskien juis daarom 'n ewewigtige gebalanseerde en indringende bespreking van die sentrale motiewe in die moderne etiese denke. Die leser kom onder die indruk dat 'n gereformeerde en teoloog aan die woord is. Die sentrale motief gee die skrywer miskien self die beste weer: „Rondom huwelijk en liefde speelt zich de meest beslissende strijd van onze tijd af. Van de uitslag daarvan hangen de mensheid en de maatschappij van morgen af" (12).

Waar 'n regsgeleerde met stof handel, doen hy dit op 'n „regverdige" manier. Hy is veral op hoogte met die denke in die Roomse Kerk, maar ook prof. Kuitert se definisie van moraal word geweeg en te lig bevind (87, 116). Hy is op hoogte met D. Sölle wat sê dat sonde die toestand van die wêreld is wat ons aankla (127). Die opvatting is werklikheidsvreemd en skakel alle persoonlike toerekenbaarheid van skuld uit. Hy reken indringend af met vir my minder bekende, waarskynlik RK etikus Pfuertner, hoogleraar te Fribourg, wie glo dat die seksuele gegee is om die mens gelukkig te maak, sonder dat

daarmee blywende verantwoordelikheid aanvaar word (65v). Voorhuwelikse verkeer en proefhuwelike kom neer op afskaffing van die huwelik as instelling. Die huwelik veral kan nie individualisties benader word soos in ons tyd gebeur nie. Dit maak geen regsin nie. Hy fundeer die huwelik bo die individu in „natuurreg" en woorde van Christus self. Opregte humanisme kan nooit die goddelike in die wêreld uitskakel nie (68 85). In dieselfde trant toon hy aan dat die ongebore vrug reg op lewe het en dat aborsie die weg baan vir euthanasie.

Die krisis in die moderne denke kom op uit die aanwending van krete en „slogans", die eksistensiële denke, die situasiemoraal, die funksionele denke, die dualisme tussen Rome-Nederland, die subjektiwisme wat die regsorde ondermyn en primaat wat aan die wil toegeken is Hy bespreek hierdie faktore kort en duidelik en hulle keer telkens in die werk terug. Die moderne denke het elke houvas en normatiewe rigsnoer verloor en gevolglik word dit wat elke individu in elke situasie (eksistensialisme) vir homself as goed dink, aanvaar. Dit plaas alles op losse skroewe, die mens word slaaf van onpersoonlike magte en gevolglik word geëis dat strukture summier verander moet word.

Ander faktore is die napraat van marxisme, sekularisasie, aweregse denke en die anti-historiese instelling, die klem op die moeder i.p.v. vaderfiguur, onvermoë by die mens om te onderskei tussen essensiële en bykomstige sake, die opkoms van die jeug as vyfde stand. „Deze tijd kenmerkt zich door het onberedeneerd oordeel; door het oordelen en veroordelen op grond van het eigentijdse" (30).

Die eksistensialisme en fenomenologie het 'n bydrae gelewer om die mens te verstaan, maar die oorbeklemtoning van veral die menslike liggaamlike situasie en afwysing van altyd-geldende norme en waardes, skakel in werklikheid onderskeiding tussen goed en kwaad, sonde en liefde, reg en verkeerd uit. 'n Huwelik word gevolglik ook slegs beoordeel oor die vraag hoedanig iemand dit ervaar (34). Die werklikheid is net iets in funksie m.b.t. die selfverwesenliking van die mens en so word geglo dat die nuutste altyd die beste is (40). Reg is uitgeskakel sodat dit in die studenterewolusies van 1968 getipeer is as magsmiddel waarmee 'n „establishment" beskerm word. Geweld is vandag reg (47). Die „troue" priester interesseer niemand nie omdat hy nie 'n onderwerp vir sensasie is nie (52). Die sosiologie het ook die kerk ingeneem, terwyl sonder prinsipe en begrip vir sinvolheid geen vastigheid in kerk en maatskappy gevind kan word nie (60). Die evangelie word verbaster tot puur aardse messianisme en „het christelijke geloof wordt vereenzelvigd met een bepaalde maatschappelijke en politieke betrokkenheid" (64). Hierdie opmerking is baie waar en kom onbetwisbaar voor by die GES en die pas afgelope Internasionale Kongres van Inrigtings vir Chr. Hoër onderwys, terwyl kunstig verswyg word watter „bepaalde" politieke identifikasie die grond vir uitsprake is.

Etici mag in die moderne strydperk kennis neem dat die outeur kunsmatige bevrugting sowel as vrugafdrywing by die mens in alle gevalle as 'n „geleentheidsmoraal" afwys omdat die vrug nie aan die moeder behoort nie en geen eggenoot sy egtelike regte tot beskikking van 'n derde mag stel nie (96, 102, 105 ens.) „Wie geen scherpe grenzen stelt, kent tenslotte geen grenzen meer" en open die weg vir „jungle law" waar een mens oor 'n ander besluit (103). Volgens hom het Lenin gesê: Indien jy 'n volk wil vernietig, moet jy eers sy moraal vernietig. Hy veroordeel 'n Franse vroue Minister wat vrye seks vir jong dogters voorstaan. Hy sê dat dit daardie jeug geleent-

heid om seks as eg menslike belewing te ervaar, ontneem. Wie die jeug afstem op die platvloerse, maak hulle ongevoelig om ooit in hoër aspirasies tussen man en vrou te deel (115).

Waar die marxisme en neo-marxisme sowel as eksistensialisme etiese vraagstukke dominerend in ons tyd aan ons opdring en om beoordeling en antwoorde roep, kan hierdie werk baie waardevol gebruik word.

Dit was 'n genot om die boek te lees.

B. S.

Louw, D. J. *Die Stad in die Mens. Oor Kerk-wees vandag.* 1980, Pretoria, NG-Kerkboekhandel. 203 p. Prys R6,60.

Die doel van dr. Danie Louw, senior-lektor in die diakonologie aan die teologiese kweekskool te Stellenbosch, met hierdie boek is eerstens om 'n analise te maak van „vandag" — want kerk-wees beteken juis om ook vandag kerk te wees — en om dan strukture aan te toon waarop die kerk volgens die skrywer die beste kan funksioneer in ons tyd.

Hy bied eerstens 'n grondige analise van die kultuursituasie van vandag en toon aan dat ons vandag te doen het met die optimistiese humanisme. Besonder verrassende lig bied sy uiteensetting oor sekularisme, nl. dat sekularisme nie net in die wêreld voorkom nie maar ook in die kerk ... „wanneer institutêre vorme of instellinge met 'n bo-tydelike gesag beklee word en so verabsoluteer word dat die stem van die evangelie stilgemaak word ..." (p. 26).

In die lig van die huidige kultuursituasie pleit die skrywer vir 'n terugkeer na die ware betekenis van kerk- en Christen wees.

In 'n volgende hoofstuk ontleed Louw die stad en die stadsmens en bied ook 'n motivering vir die titel van sy boek: Die *stad* in die mens. „Die stad is 'n wyse van dink, leef en werk. Dit is 'n gesindheid wat die hedendaagse denkklimaat weerspieël en deurdrenk is van die heersende filosofie: optimistiese humanisme En juis daarom vind ons die *stad in die mens. Die stad is 'n toestand in die hart van die twintigste eeuse mens.*" (p. 41 – 42 — kursivering van outeur). Die kerk moet egter nie bang, negatief afwysend na die stad kyk nie, maar juis die stad ingaan en aan die stadsmens die versoening bedien. 'n Raak analise van die verskillende tipes stadsmense word verder in hierdie onderafdeling gebied.

Op hierdie stadspatroon en -mens word die bediening dan gerig. Louw bekyk die kerklike bediening vanuit die hoeke van: aktuele prediking; die herwaardering van die verantwoordelikheid en betrokkenheid van die amp van die gelowige en die herwaardering van die plaaslike gemeente. In die stad woon ook die industrie-mens met 'n sekere eiesoortige leef- en denkwyse. Hoe en wat hierdie industrie-mens is en benader moet word, word aangetoon in hf. 4.

Die hoogtepunt van die boek volg van hoofstukke 5 – 7. Hierdie hoofstukke handel onderskeidelik oor: kerk en kommunikasie; kerk-wees in die stad en op groepswerk in die gemeente. Die deurlopende lyn van denke in hierdie onderafdeling is dat die kerk God se nuwe gemeenskap in hierdie wêreld is Om sy taak doeltreffend te kan verrig kies Louw vir die sel-in-die-liggaam model van kerkwees, geskoei op die Korintiese model van een liggaam met

baie ledemate. Hierdie model bied 'n trinitariese verbondenheid, wedersydse interaksie en liefde; wedersydse verantwoordelikheid en diens en 'n geïnspireerde eenheid. Aksent word geplaas op die funksionering van die selle (groepe) in die gemeente en riglyne vir groepswerk en die doel van groepsdinamika word gebied. Besonder suiwer is Louw se siening dat die gemeentegroep as 'n wesenlike deel van die gemeente self beskou moet word. „Groepe in die gemeente is nie addisioneel t.o.v. die bestaande gemeentestrukture nie. Dit funksioneer nie as 'n ekstra handige hulpmiddel nie. Dit is as sodanig 'n integrale deel van die bestanddele van die liggaam. Daarom staan dit nie los van die besondere ampte nie" (p. 181).

Om saam te vat: Ons het hier te doen met 'n standaardwerk oor kerkwees in die stad vandag. Die groot meriete is die skerpsinnige ontleding van ons hedendaagse situasie Uiteraard is die werk primêr gerig op die toestand in die NG Kerk in ons land — en Louw skroom ook nie weg daarvan om gemotiveerde kritiek op sekere praktyke te lewer nie — maar die lyne wat hy trek bied veel stof tot besinning vir enige predikant in die stadsbediening. Hierby wil ek graag nog voeg dat Louw die taal kan hanteer en 'n saak raak kan tipeer. Een voorbeeld kan hierdie stelling bewys: op p. 79 word die gesindheid beskryf van 'n lidmaat wat verkies om kerklik onbetrokke te wees en dan beskryf Louw dié lidmaat soos volg: „Dié lidmaat hou van 'n rustige kerk wat praat rondom die Sondag en m.b.v. 'n dominee en enkele entoesiaste probeer om die week binne te sypel."

Ek meen dat die waarde van hierdie boek verder verhoog kon gewees het as Louw in 'n enkele kort hoofstuk of selfs onderafdeling van 'n hoofstuk 'n beknopte en gefundeerde (eksegetiese) beskouing oor die begrip kerk gebied het. Dit sou die leser in staat stel om onmiddellik en duidelik te wees wat Louw met kerk bedoel.

Ek wil die boek van harte aanbeveel. NG Kerk Uitgewers het weer eens goeie drukwerk gedoen binne 'n blou gekleurde sagteband omslag.

C. J H. VENTER.

# BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

C. van der Waal: *Openbaring van Jezus Christus II*, De Vuurbaak bv, Posbus 189, 9700 AD Groningen. Prys f70,75 (M.A.K.)

J. M. Vorster: *Het die Kerk nog betekenis?* N.G. Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria. H b., 66 blss, R5,25.

I. J. v. d. Walt, L. Floor: *Kerk en Wêreld.* CJBF, Posbus 20004, Noordbrug. S.b , 57 blss. Prys onvermeld.

B. J. v. d Walt: *Van Noyon na Geneve.* Reisindrukke van 'n Calvynpelgrim. CPBF, Posbus 20004, Noordbrug. Prys onvermeld.

Dr. J. C. Krüger: *Die verhouding van Uitverkiesing tot bekering met spesiale verwysing na die Dordtse Leerreëls.* NG Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria. H.b., 273 blss., R9,60 (C.F.C.).

D. Kempff: *Gewortel en Gegroei 1652—1806.* IBC, PU vir CHO, S.b., 46 blss. R2.